**Sabbat Skool Les**

2024 Tweede Kwartaal | April - Junie

# DIE TWEE VERBONDE:
# Die deur na geregtigheid
## (DEEL 1)



TIEMPO de REUNION
Porque mientras sea de día
es hora de trabajar

## DIE TWEE VERBONDE:

# Die deur na geregtigheid

(DEEL 1)

TIEMPO de REUNIÓN

Porque mientras sea de día
es hora de trabajar

# INHOUD:


**Krediete ....................................................................1**

**Afkortings...................................................................2**

**1. Die Doel van God vir Israel. ..................................3**

**2. Die Doel van God vir Egipte..................................8**

**3. Die Uittog uit Egipte.......................................... 13**

**4. Die Deurgang deur die Rooi See ......................17**

**5. Die Doel van die Wet ........................................21**

**6. Waarom is die Wet bygevoeg? ....................... 26**

**7. Die Ou Verbond (Deel 1)...................................30**

**8. Die Ou Verbond (Deel 2) .................................. 34**

**9. Die Bediening van die Dood ............................ 39**

**10. Die Geregtigheid van God.............................. 43**

**11. Geregverdig deur Geloof..................................47**

**12. Definiëring van Geloof ................................... 51**

**13. Die Geloof van Jesus ..................................... 54**


## Krediete


**Outeur:**
Jonnathan Falcón en
Leandro Pena

**Bydraers:**
Benjamin Kremlich,
Carlos Hernández,
Danutasn Brown,
Daniel Bernhardt,
Roberto Kalbermatter



**Ontwerp:**
Prinomo - prinomo.com

**Organisasie en koördinering:**
Tiempo de Reunión

**Gepaardgaande Boek:**
Removing the Veil

https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

# Afkortings

Afkortings in volgorde van voorkoms:

| AFKORTING | BOEK / TYDSKRIF / ENS |
|---|---|
| AG | God's Amazing Grace |
| CC | Conflict and Courage |
| CD | Counsels on Diet and Foods |
| CTr | Christ Triumphant |
| DA / DKvDE | The Desire of Ages / Die Koning van die Eeue |
| Ed / Opv | Education / Opvoeding |
| FE | Fundamentals of Christian Education |
| FW | Faith and Works |
| GC / GS | The Great Controversy / Die Groot Stryd |
| GW | Gospel Workers |
| LHU | Lift Him Up |
| MB / MOR | Thoughts From the Mount of Blessings / Die Meester se Onsterflike Rede |
| 1MCP | Mind, Character and Personality Volume 1 |
| 2MCP | Mind, Character and Personality Volume 2 |
| MYP | Messages to Young People |
| PK | Prophets and Kings |
| PP / PeP | Patriarchs and Prophets / Patriarge en Profete |
| RH | Review and Herald |
| SC / SC | Steps to Christ / Skrede na Christus |
| SD | Sons and Daughters of God |
| 1SM | Selected Messages Book 1 |
| ST | Signs of the Times |
| TDG | This Day with Christ |
| 5T | Testimonies for the Church, Volume 5 |
| TM | Testimonies to Ministers and Gospel Workers |
| TMK | That I May Know Him |

# 1 Die Doel van God vir Israel

**LES 1**

**ADDISIONELE LEESMATERIAAL:**

"The Purpose of God", uit die boek "*Removing the Veil*" deur Daniel Bernhardt. Bladsye 100-115 (1ste uitg. jaar 2022).
URL: https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

"*The Everlasting Covenant*", E. J. Waggoner, hoofstuk 2, "The Promise of Abraham"

**Videos wat aanbeveel word:**
#GOS04 Gospel Process, the Covenants, the gospel and Law in Galatians

https://youtu.be/gPEVZwYBnQA?si=dOVdBZxITpJsPDoF

**Lofliedere:**
1. #100, "Great is Thy Faithfulness"
2. #518, "Standing on the Promises"
3. #532, "Day by Day"

**GEHEUE TEKS:**

**Jeremia 29:11**

Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

**VRAE**

1. Wat het God geweet omtrent Israel in Egipte? Met watter doel het Hy na hulle neergedaal? **Exodus 3:7-10**.

___

___

2. In wie lê die vervulling van die belofte? **Exodus 3:11-12.**

___

___

3. Aan wie is hierdie belofte gemaak? **Handelinge 7:2-5.**

___

___

4. Onder watter omstandighede sou die vervulling van die belofte verwesenlik word? **Handelinge 7:5.**

___

___

5. Waaruit het die belofte bestaan? **Romeine 4:13.**

6. Aan wie is hierdie belofte gemaak? **Galásiërs 3:16.**

7. Wanneer sou die belofte vervul word? **Handelinge 7:17-18.**

8. Wat sou destyds gebeur? **Exodus 15:17-18.** Waar is daardie plek geleë? Wat sê dit vir ons oor God se planne vir Israel? **Hebreërs 8:1-2; 9:24. Nota 1.**

9. Hoe het Jehovah die belofte aan Abraham bevestig? **Handelinge 7:17.** Waarom het Hy dit so ingestel? **Hebreërs 6:17-18.**

10. Wanneer het God die eed afgelê? Waaruit het dit bestaan? **Genesis 22:15-18.**

11. Hoe sou die Saad die poorte van Sy vyande in besit neem? **Vergelyk Genesis 22:17 (laaste deel) met Genesis 3:15; Hebreërs 1:13; 10:13.**

12. Wat sê die eed - wat in die vorige vraag bespreek is - vir ons oor God se beoogde verlossing vir Israel? Vir watter doel sou hulle verlos word? **Lukas 1:71-75; Psalm 81:8-16; 37:29; Spreuke 10:30; 11:31; Jesaja 60:21. Nota 2.**

13. Wie is die vyand wat deur die Saad vernietig sal word? **Genesis 3:14, 15; 1 Korinthiërs 15:26.**

______________________________________________

______________________________________________

14. Hoe word hierdie vyand vernietig? Waarvan word ons verlos? **Hebreërs 2:14-15.**

______________________________________________

______________________________________________

15. Wat dryf vrees uit? **1 Johannes 4:18.** Hoe word Christus se gesag beskryf? **Openbaring 1:18.** Wat het Christus? Wat doen die uitleggers van die wet? **Matthéüs 11:27; Lukas 11:52.** Hoe dryf Christus vrees uit? **1 Johannes 4:7-8; Johannes 1:18; 14:6-9; 17:4,6,8. Nota 3.**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

16. Watter doel het God gehad om die land aan Israel te gee, en wat is die rede waarom Israel die poorte van hul vyande in besit moes neem? **Exodus 19:6; Psalm 96:3; 105:1-2; 145:7-12; Jesaja 2:2-4; 60:1-3.**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

17. Hoe word hierdie belofte en doel herhaal? **2 Korinthiërs 4:6-12; 1 Petrus 2:9. Nota 4.**

______________________________________________

______________________________________________

## NOTAS ////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////

1. **Die erfenis wat God aan Sy volk beloof het, is nie in hierdie wêreld nie.** Abraham het geen grond besit nie, "...selfs nie 'n voetbreed nie." (Handelinge 7:5). Hy was baie vermoënd en het dit tot eer van God en tot voordeel van sy medemense aangewend; **maar hy het hierdie wêreld nie as sy tuiste beskou nie.** Die Here het hom geroep om sy landgenote wat afgode aanbid, te verlaat, met die belofte dat hy die land Kanaan as ewige besitting sou erf; tog het nie hy, nóg sy seun, nóg sy kleinseun, dit ontvang nie. Toe Abraham 'n graf gesoek het om sy dode te begrawe, moes hy dit van die Kanaäniete koop. Sy enigste besitting in die Beloofde Land was die graf wat uit die rots in die spelonk van Magpela gekap was. {PP 169.3} [PeP142.4-143.1]

**Maar die woord van God het nie gefaal nie; dit is ook nie verwesenlik toe die Joodse volk Kanaan ingetrek het nie. "**Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad." (Galasiërs 3:16). **Abraham moes self in die erfenis deel.** Die vervulling van God se beloftes mag geblyk het lank uitgestel te wees, want "...een dag is by die Here soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag." (2 Petrus 3:8); dit mag miskien geblyk het asof dit talm; maar op die bestemde tyd sou dit sekerlik kom "...en nie versuim nie." (Habakkuk 2:3). **Die geskenk aan Abraham en sy saad het nie slegs Kanaan ingesluit nie, maar die hele aarde.** So sê die apostel: "Die belofte dat hy 'n erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof." (Romeine 4:13). **En die Bybel leer duidelik dat die beloftes wat aan Abraham gemaak is, deur Christus vervul sal word.** Almal wat aan Christus behoort, is "...die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename..." erfgename van "...'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis..." naamlik die aarde nadat dit van die vloek van die sonde bevry is. (Galasiërs 3:29; 1 Petrus 1:4). Want "...die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel [word] gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste..." en "Die ootmoediges sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede." (Daniël 7:27; Psalm 37:11) {PP 169.4} [PeP143.2]

2. Johannes het nie die aard van die Messias se koninkryk ten volle begryp nie. Hy het uitgesien dat Israel van sy nasionale vyande verlos sou word; **maar die koms van 'n Koning in geregtigheid en die vestiging van Israel as 'n heilige volk was die grootste belofte waarop hy gehoop het.** So, het hy geglo, sou die profesie wat tydens sy geboorte gegee is, vervul word. {DA 103.4} [DKvDE 81.2]

   Om ... aan sy heilige verbond te dink, ... dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien, in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe." {DA 103.5} [DKvDE 81.3]

   Hy het gesien hoe sy mense mislei word, selftevrede en sluimerend in hul sonde. **Hy het daarna gesmag om hulle tot 'n heiliger lewe op te wek. Die boodskap wat God aan Hom gegee het om oor te dra, was bedoel om hulle uit hul traagheid te verskrik en hulle oor hul groot goddeloosheid te laat sidder.** Voordat die saad van die evangelie geplant kan word, moet die grond van die hart gebraak word. Voordat hulle genesing by Jesus kan vind, moet vorste en rabbi's, soldate, tollenaars en arbeiders attent gemaak word op die gevaar van die wonde van sonde. {DA 103.6} [DKvDE 81.4]

3. **Deur Sy lewe en Sy dood het Christus selfs meer bereik as die herstel van die vernietiging wat deur sonde bewerk is.** Dit was Satan se doel om ewige skeiding tussen God en die mens te bewerkstellig; <u>**maar in Christus is ons nouer met God verbind as wat ons sou wees indien ons nooit geval het nie.**</u> Deur ons natuur aan te neem, het die Heiland Homself aan die mensdom verbind met 'n band wat nooit verbreek kan word nie. Deur die eeue van die ewigheid is Hy aan ons verbind. "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het..." (Johannes 3:16) {DA 25.3} [DKvDE 8.2]
   **Al die vernedering wat Christus verduur het, was ten behoewe van die**

**gevalle ras, sodat die mens die gesindheid van Christus kon hê. Christus het aan die wêreld die liefde van God vir die gevalle mens en die volmaakte liefde wat Hy vir sy Vader gehad het, geopenbaar.** En in die mensdom moet hierdie selfde liefde geopenbaar word. **In die gevalle ras moet die beeld van God self weerspieël word.** {vrylik vertaal uit ST November 25, 1897, par. 11} **Die verborgenheid van die kruis verklaar alle ander verborgenhede.** In die lig wat vanaf Golgota straal, **is die eienskappe van God wat ons eers met vrees en ontsag vervul het, lieflik en aantreklik. Daar word gesien dat genade, teerheid en ouerlike liefde met heiligheid, geregtigheid en krag saamsmelt.** Terwyl ons die majesteit van Sy troon**, wat hoog en verhewe is, aanskou, sien ons Sy karakter in Sy genadige manifestasies en ons besef soos nooit tevore nie, die betekenis van daardie dierbare Naam: "Onse Vader."** {GC 652.1} [GS 689.1]

4. Christus trek hulle na Homself deur 'n onsigbare krag. Hy is die lig van die lewe, en Hy vul hulle met Sy eie Gees. **Soos hulle in die geestelike atmosfeer ingetrek word, sien hulle dat hulle die spel van Satan se versoekings gemaak is, en dat hulle onder sy heerskappy was; maar hulle breek die juk van vleeslike begeerlikhede en weier om dienaars van sonde te wees. Hulle besef dat hulle kapteins verruil het, en hulle neem hul aanwysings van die lippe van Jesus**. Soos 'n dienaar na sy meester kyk, en soos 'n diensmaagd na haar meesteres kyk, so kyk hierdie siele, getrek deur die koorde van liefde na Christus, voortdurend na Hom wat die Leidsman en Voleinder van hulle geloof is. **Deur Jesus te aanskou, deur Sy vereistes te gehoorsaam, neem hulle toe in die kennis van God en van Jesus Christus wat Hy gestuur het. So word hulle van karakter tot karakter na Sy beeld verander totdat hulle van die wêreld onderskei word, en daar kan van hulle geskryf word:** "Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is." (1 Petrus 2:9,10). {Vrylik vertaal uit AG 52.3}

# 2 Die Doel van God vir Egipte

**LES 2**

### ADDISIONELE LEESMATERIAAL:

"The Purpose of God", uit die boek "*Removing the Veil*" deur Daniel Bernhardt. bladsye 100-115 (1ste uitg. jaar 2022). URL: https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

*Calvary in Egypt* deur Adrian Ebens https://maranathamedia.com/book/view/calvary-in-egypt

**Videos wat aanbeveel wod:**
Adrian Ebens - Calvary in Egypt;
https://youtu.be/PwjzHXqEjTk?si=865SqZk2ShwbEFu2

**Lofliedere:**

1. "Dear to the Heart of the Shepherd."
2. #98, "Can you Count the Stars?"
3. "There were Ninety and Nine."

**GEHEUE TEKS:**

**Handelinge 17:25-27**

Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie;

### VRAE

1. Watter waarheid het die apostel Petrus verstaan? Met wie is die Here tevrede? **Handelinge 10:34-35. Sien ook Deuteronómium 10:17; 2 Samuel 14:14; 2 Kronieke 19:7; Romeine 2:11.**

2. Is hierdie waarheid wat Petrus verstaan het, vir 'n spesifieke tyd? **Jakobus 1:17; Númeri 23:19. Nota 1.**

3. Wat is in God se gedagtes? **Jeremia 29:11; Psalm 40:6**

4. Vir wie is hierdie gedagtes bedoel? **1 Timótheüs 2:3-4.**

5. Watter gedagtes koester God oor die goddelose? **Eségiël 33:11. Nota 2.**

6. Watter verlange het God omtrent Farao gehad? **Exodus 9:13, 16.** Waarom het God sy lewe bewaar? **Exodus 9:16. (Vergelyk met NLV, 1983 vertaling). Sien Handelinge 17:25-27.**

7. Met betrekking tot Eksodus 9:16, wie en wat is die krag van God? Waar word dit gevind? Vir wie is dit bedoel? **1 Korinthiërs 1:23-24; Romeine 1:16.**

8. Wat wil God met daardie krag doen?? **Jesaja 40:29.** Hoe doen Hy dit? **Handelinge 1:8.**

9. Met betrekking tot Eksodus 9:16, hoe word God se Naam oor die hele aarde verkondig? **Johannes 17:6; Romeine 15:9; 2 Korinthiërs 5:20; Openbaring 14:1.** Vergelyk met **Romeine 2:24.**

10. Wie moes eerste God se boodskap ontvang? **Lukas 24:47: Romeine 1:16.**

11. Na wie sou dit volgende gaan? Wat sou dan gebeur? **Matthéüs 24:14; Psalm 86:9-10; Habakkuk 2:14; Openbaring 18:1.**

12. Wat vra die Here Homself oor die ballingskap wat deur Farao veroorsaak is? **Jesaja 52:4-5.** Sien verskillende Engelse vertalings soos ASV, NCB, NABRE.

13. Hoe het God die situasie wat voorlê, gesien? **Exodus 3:19-20.** Wat sou die Here met Farao doen? **Exodus 4:21.**

14. Hoe verhard God Farao se hart? **Exodus 9:19-21, 27-28, 34-35.**

15. Wat is die rede vir hierdie verharding? **Hebreërs 3:12-15; Jesaja 26:10. Nota 3.**

16. Wie anders, behalwe Farao, het dieselfde ervaring deurgemaak?? **Hebreërs 3:7-11** Hoe word hierdie ervaring in die Skrif beskryf? **Johannes 3:17-21.**

17. Watter advies het ons in hierdie verband? **Hebreërs 3:12-15**

## NOTAS

1. **God is geen aannemer van die persoon nie, maar in elke geslag word die wat die Here vrees en geregtigheid beoefen, deur Hom aangeneem**; terwyl diegene wat murmureer, ongelowig en rebels is, nie Sy guns of die seëninge sal hê wat belowe is aan diegene wat die waarheid liefhet en daarin wandel nie. Diegene wat die lig het en dit nie volg nie, maar die vereistes van God verontagsaam, sal vind dat hulle seëninge in vloeke verander sal word, en hulle genade in oordele. God wil hê ons moet nederigheid en gehoorsaamheid leer terwyl ons die geskiedenis van antieke Israel lees, wat Sy uitverkore volk toegewy aan God was, maar wat hul eie vernietiging gebring het deur hul eie weë te volg. – Vrylik vertaal uit Testimonies for the Church 3:171, 172, 1873 {CD 379.1}

Die godsdiens van Christus verhef die ontvanger na 'n hoër vlak van denke en aksie, **terwyl dit terselfdertyd die hele mensdom as gelyke voorwerpe van die liefde van God voorstel, gekoop deur die offer van Sy Seun.** Aan die voete van Jesus ontmoet die rykes en die armes, die geleerdes en die onkundiges, sonder enige gedagte aan klas of wêreldse voorrang. **Alle aardse onderskeidings word vergeet as ons na Hom kyk wat ons sondes deurboor het.** Die selfverloëning, die neerbuiging, die oneindige medelye van Hom wat hoog verhewe was in die hemel, beskaam menslike trots, selfbeeld en sosiale klassifikasie. Suiwer, onbesmette godsdiens manifesteer sy hemelgebore-beginsels deur almal, wat deur die waarheid geheilig is, in eenheid saam te snoer. Almal ontmoet mekaar as bloedgekoopte siele, ewe afhanklik van Hom wat hulle vir God verlos het. {Vrylik vertaal uit GW 330.1} **Christus erken geen klas, geen nasionaliteit nie.** Hy beskou dit as Sy voorreg, wat goddelik en onmededeelbaar is, om na Sy eie mag en plesier te werk. As medelydende Verlosser het Hy onder alle klasse gearbei. Toe die verlamde deur die dak aan Sy voete neergelaat is, het Hy met een oogopslag die moeilikheid van die lyer gesien, en Hy het onmiddellik Sy mag as 'n sonde-vergewenende Verlosser uitgeoefen. “Hou goeie moed,” het Hy gesê; “jou sondes word jou vergewe” (Matthéüs 9:2). {Vrylik vertaal uit TDG 106.2}

2. **Die Here soek om te red, nie om te vernietig nie. Hy skep behae in die redding van sondaars.** “Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie,” Eségiël 33:11. Deur waarskuwings en smekinge roep Hy die dwalendes op om op te hou met hulle bose dade en hulle tot Hom te bekeer en te lewe. Hy gee Sy uitverkore boodskappers 'n heilige vrymoedigheid, sodat diegene wat hoor, mag vrees en tot bekering gebring word. {Vrylik vertaal uit PK 105.1} Die God wat ons dien, is lankmoedig; “sy barmhartighede het geen einde nie;” Klaagliedere 3:22. Dwarsdeur die proeftydperk smeek Sy Gees mense om die gawe van die lewe te aanvaar. “So waar as Ek leef, spreek die Here Here, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe?” Eségiël 33:11. **Dit is Satan se spesiale plan om die mens in sonde te lei en hom dan daar te laat, hulpeloos en hopeloos, te bang om vergifnis te soek. Maar God nooi, “…laat hy my krag aangryp, dat hy vrede met my kan maak; en hy sal vrede met my maak.”** Jesaja 27:5. In Christus is elke voorsiening gemaak, elke bemoediging aangebied. {Vrylik vertaal uit PK 325.5}

3. Aangaande Farao het God gesê: “Ek sal sy hart verhard, sodat hy die volk nie sal laat trek nie.” (Exodus 4:21). **Geen bonatuurlike krag is uitgeoefen om Farao se hart te verhard nie. God het aan Farao die treffendste getuienis van Goddelike mag gegee, maar die koning het hardnekkig geweier om die lig aan te neem. Elke vertoning van oneindige mag wat deur hom verwerp is, het hom meer vasbeslote in sy verset gemaak.** Die saad van rebellie wat hy met sy verwerping van die eerste wonderwerk gesaai het, het sy oes gelewer. Namate hy verder sy eie gang gegaan het en van die een graad van hardnekkigheid tot die volgende gevorder het, het sy hart al meer verhard geraak, totdat hy uiteindelik moes neerkyk op die koue, dooie aangesigte van die eersgeborenes. {PP 268.1} [PeP 242.2]

God spreek tot mense deur Sy diensknegte en vermaan en waarsku en bestraf sonde. Aan elkeen gee Hy die geleentheid om sy foute reg te stel voordat dit onveranderlik in die karakter vasgevang word; **maar as 'n mens weier om hom te laat tugtig, sal Goddelike mag nie tussenbeide tree om die neiging van sy eie optrede teen te werk nie.** Hy vind dit makliker om dieselfde optrede te herhaal. Hy verhard sy hart teen die invloed van die Heilige Gees. Verdere verwerping van lig bring hom op 'n plek waar 'n veel sterker invloed onvoldoende sal wees om 'n blywende indruk te maak. {PP 268.2} [PeP 242.3]

Ag, as ek maar net aan julle verwarde sinne kon verduidelik, my broers, in watter groot gevaar julle verkeer. Elke daad, goed of sleg, berei die weg voor vir die herhaling daarvan. Hoe was dit in die geval van Farao? Die stelling in die Heilige Skrif is dat God sy hart verhard het, en met elke herhaling van lig in die manifestasie van God se krag word die stelling herhaal. **Elke keer as hy geweier het om hom aan God se wil te onderwerp, het sy hart verhard en minder beïnvloedbaar geword deur die Gees van God. Hy het die saad van hardkoppigheid gesaai, en God het toegelaat dat dit groei.** Hy kon dit deur 'n wonderwerk voorkom het, maar dit was nie Sy plan nie. Hy het toegelaat dat dit groei en 'n oes van sy eie soort produseer, en sodoende die waaragtigheid van die Skrif bewys: "Wat 'n mens saai, dit sal hy ook maai." Wanneer 'n mens twyfel plant, sal hy twyfel maai. Deur die eerste lig en elke daaropvolgende straal te verwerp, het Farao van een graad van hardheid van hart na 'n ander gegaan, totdat die koue, dooie vorms van die eersgeborene sy ongeloof en hardkoppigheid net vir 'n oomblik getemper het. En toe, vasbeslote om nie aan God se weg toe te gee nie, het hy sy eiewillige koers voortgesit totdat hy oorweldig is deur die waters van die Rooi See. {Vrylik vertaal uit 5T 119.2}

Hierdie saak is tot ons voordeel aangeteken. Net wat in Farao se hart plaasgevind het, sal plaasvind in elke siel wat versuim om die lig te koester en stip in sy strale te wandel. **God vernietig niemand nie. Die sondaar vernietig homself deur sy eie onboetvaardigheid. Wanneer 'n persoon eenkeer versuim om ag te slaan op die uitnodigings, teregwysings en waarskuwings van die Gees van God, word sy gewete geskroei, en die volgende keer wat hy vermaan word, sal dit moeiliker wees om gehoorsaamheid te bewys as voorheen.** En so met elke herhaling. Die gewete is die stem van God, gehoor te midde van die konflik van menslike hartstogte; wanneer dit weerstaan word, word die Gees van God bedroef. {Vrylik vertaal uit 5T 120.1}

**Ons wil hê almal moet verstaan hoe die siel vernietig word.** Dit is nie dat God 'n bevel uitstuur dat die mens nie gered sal word nie. Hy werp nie duisternis voor die oë wat nie deurdring kan word nie. **Maar die mens weerstaan aanvanklik 'n beweging van die Gees van God, en nadat hy een keer weerstand gebied het, is dit minder moeilik om dit die tweede keer te doen, minder die derde keer, en veel minder die vierde keer. Dan kom die oes wat geoes moet word uit die saad van ongeloof en weerstand.** O, wat 'n oes van sondige bederfies staan g ereed vir die sekel! {Vrylik vertaal uit 5T 120.2}

# 3 Die Uittog uit Egipte

LES 3

**GEHEUE TEKS:**

**Johannes 8:36**

As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.

**ADDISIONELE LEESMATERIAAL:**

"The Exodus from Egypt", uit die boek "*Removing the Veil*" deur Daniel Bernhardt. Bladsye 116-133 (1ste uitg. jaar 2022).
URL: https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

"*Passover Better Translated as Safeguard*", deur Danutasn Brown.
https://maranathamedia.com/article/view/passover-better-translated-as-safeguard

"*Why Did God Institute Animal Sacrifices?*" deur Kevin Mullins
https://lastmessageofmercy.com/book/view/why-did-god-institute-animal-sacrifices

**Videos wat aanbeveel wod:**
Adrian Ebens - "Egyptian Ransom".
https://youtu.be/Gu98BxFoYyw?si=1rERVe53ztrDJQ4G

**Lofliedere:**

1. #337, "Redeemed" / "Verlos o hoe lieflik die boodskap" #195
2. "Lamb of God"
3. #318, "Whiter than Snow" / "Witter as sneeu"

**VRAE** ////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////

1. Wat was God se opdrag aan Israel voordat hulle Egipte verlaat het?? **Exodus 12:3-5**.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

2. Wat is hulle beveel om op die 14de van die eerste maand te doen? **Exodus 12:6-7**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

3. Vir watter doel is die bloed van die lam vergiet? **Exodus 12:7 , 13.**

4. Na wie het die bloed van die lam gewys? **Johannes 1:29; 1 Korinthiërs 5:7; 1 Petrus 1:18-19.**

5. Hoe kon hulle vashou aan die een na wie hierdie ritueel gewys het? **Hebreërs 11:28.**

6. Het die teken (Eksodus 12:13) die probleem van sonde opgelos? **Hebreërs 10:3-4.** Wie kon hierdie probleem oplos? **Johannes 1:29**. **Notas 1 & 2.**

7. Hoe los Christus die probleem van sonde op? **1 Johannes 1:7; 2:12.**

8. Waarvan was die bloed van die lam 'n teken? **Levítikus 17:11.**

9. Gebaseer op Levitikus 17:11, wat beteken dit om die bloed van Christus te ontvang? Wat is God se begeerte? **Johannes 6:53-54, 63; 1 Johannes 5:11-13. Nota 2.**

10. Waar kom bloed / lewe vandaan? **Spreuke 4:23.** Vergelyk met **Genesis 1:27, Handelinge 17:28, Kolossense 1:17**.

11. Wat was in Christus se hart? Hoe is dit gemanifesteer? **Psalm 40:9-11**; **Romeine 3:21-22.**

12. Wat moes die mense van Israel met die lam aan die begin van die 15de dag doen? **Exodus 12:8**. Wat was die betekenis van hierdie ritueel? **Johannes 6:52-56**. Hoe was dit moontlik? **Johannes 6:63; 14:23.**

13. Wat gebeur wanneer ons Christus se woord bewaar, wanneer ons Hom in ons hart ontvang? **Psalm 119:44-45; Spreuke 2:10-12; Johannes 15:3; 17:17. Nota 3.**

## NOTAS ///////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////

1. Die Heilige Gees het deur Jesaja, hierdie illustrasie gebruik toe Hy van die Verlosser geprofeteer het: “Soos ‘n lam wat na die slagplek gelei word...” het die Here “...die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom...” (Jesaja 53:7,6); maar Israel het die les nie verstaan nie. **Baie van hulle het hulle offers in dieselfde lig as die heidene beskou – as gawes waarmee hulle hulself met die Godheid kon versoen. God wou hulle leer dat die gawe wat hulle met Hom sou versoen uit Sy eie liefde kom.** {DA 112.5} [DKvDE 92.2]

   Mense is gelei om God as Een wat Hom in hul ondergang verlustig, te sien. **Die offers wat Sy liefde moes openbaar, was slegs gebring om Sy toorn af te wend.** {DA 115.1} [DKvDE 95.1]

   **Die aanbidders is geleer om te glo dat tensy hulle offers bring, die seën van God nie op hul kinders of landerye sou rus nie.** {DA 155.2} [DKvDE 142.1]

   Toe Jesus in die tempel kom het Hy die toneel gadegeslaan. Hy het die oneerlike transaksies opgemerk. **Hy het die nood van die armes raakgesien, wat gedink het dat, sonder die vergieting van bloed, daar geen vergifnis vir hul sondes sou wees nie.** Hy het gesien hoe die buitenste voorhof van die tempel in ‘n plek van onheilige handeldryf omskep is. Die gewyde voorhof het een groot handelsmark geword. {DA 157.2} [DKvDE 143.4]

**Baie van die Israeliete het die offerdiens opsigself as 'n deug beskou om hulle van sonde te bevry.** God wou hulle leer dat dit nie meer waarde as die koperslang gehad het nie. **Dit was om hul gedagtes na die Verlosser te lei.** Of dit vir die genesing van hul wonde, of die vergewing van hul sondes was, hulle kon niks vir hulleself doen nie, behalwe om hul geloof in die Geskenk van God te toon. **Hulle moes opkyk en lewe.** {DA 174.4} [DKvDE 162.4]

**Weer het Christus die waarheid herhaal, dat die offers op sigself van geen waarde was nie. Hulle was 'n middel en nie 'n doel nie. Hul doel was om mense na die Verlosser te lei en sodoende hulle in harmonie met God te bring.** Dit is die liefdesdiens wat God waardeer. As dit ontbreek, is die blote seremonie 'n aanstoot vir Hom. **So ook met die Sabbat.** Dit is bedoel om mense in gemeenskap met God te bring; maar toe die verstand deur vermoeiende rituele in beslag geneem is, is die doel van die Sabbat verydel. Die blote uiterlike onderhouding daarvan was 'n bespotting. {DA 286.1} [DKvDE 292.3]

2. Deur die Pasga wou God Sy volk van hul wêreldse sorge wegroep en hulle aan Sy wonderbaarlike werk vir hul bevryding uit Egipte herinner. Deur hierdie daad **was Sy bedoeling dat hulle die belofte van die verlossing van sonde moes sien.** Soos die bloed van die geslagte lam die huise van Israel beskut het, so moes **die bloed van Christus hulle siele red; maar hulle kon alleen deur Christus gered word, indien hulle in geloof, Sy lewe hul eie sou maak. Daar was slegs deug in die simboliese diens as dit die aanbidders na Christus as hul persoonlike Verlosser, gelei het.** God het verlang dat hulle tot 'n biddende ondersoek en oordenking met betrekking tot die sending van Christus gelei moes word. Maar toe die menigtes Jerusalem verlaat het, het die opgewondenheid van die reis en sosiale omgang te dikwels hul aandag in beslag geneem en die diens wat hulle bygewoon het, was vergete. Die Heiland was nie aangetrokke tot hulle geselskap nie. {DA 82.2} [DKvDE 61.3]

"Hierin is my Vader verheerlik..." het Jesus gesê, "...dat julle veel vrug dra." Die Here verlang om deur ons die heiligheid, die weldadigheid, die deernis van Sy eie karakter te manifesteer. Tog gebied die Verlosser die dissipels nie om te arbei om vrugte te dra nie. Hy sê hulle moet in Hom bly. "As julle in My bly..." sê Hy "...en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê en julle sal dit verkry." **Dit is deur die woord dat Christus in Sy volgelinge bly. Dit is dieselfde lewenskragtige eenwording wat deur die eet van Sy vlees en die drink van Sy bloed verteenwoordig word. Die woorde van Christus is gees en lewe. Deur dit te ontvang, ontvang ons die lewe van die Wynstok.** Ons leef "...van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." (Mattheus 4:4). **Die lewe van Christus in ons lewer dieselfde vrugte as in Hom. Deur in Christus te lewe, aan Christus vas te hou, om deur Christus ondersteun en gevoed te word, dra ons vrugte na die beeld van Christus.** {DA 677.1} [DKvDE 747.1]
"In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense" (Johannes 1:4). Dit is nie fisiese lewe wat hier gespesifiseer word nie, maar onsterflikheid, die lewe wat uitsluitlik die eiendom van God is. Die Woord, wat by God was, en wat God was,

het hierdie lewe gehad. Fisiese lewe is iets wat elke individu ontvang.

Dit is nie ewig of onsterflik nie; want God, die Lewegewer, neem dit weer. Die mens het geen beheer oor sy lewe nie. Maar die lewe van Christus was nie geleen nie. Niemand kan hierdie lewe van Hom afneem nie. “Ek lê dit uit Myself af” (Johannes 10:18), het Hy gesê. In Hom was lewe, oorspronklik, nie geleen nie, nie afgelei nie. Hierdie lewe is nie inherent aan die mens nie. Hy kan dit slegs deur Christus besit. Hy kan dit nie verdien nie; dit word hom as 'n vrye gawe gegee as hy in Christus as sy persoonlike Verlosser sal glo. **“Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat U gestuur het” (Johannes 17:3). Dit is die oop fontein van lewe vir die wêreld.** {vrylik vertaal uit 1SM 296.2}

# 4 Deurgang deur die Rooisee

LES 4

**ADDISIONELE LEESMATERIAAL:**

"The Exodus from Egypt", uit die boek "*Removing the Veil*" deur Daniel Bernhardt. Bladsye 116-133 (1ste uitg. jaar 2022). URL: https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

*Who Drowned the Egyptian Army at the Red Sea?* deur Colin Nicolson (Ook YouTube Video video hieronder). https://maranathamedia.com/book/view/who-drowned-egyptians

**Videos wat aanbeveel wod:**
"Red Sea Gospel" deur Adrian Ebens. https://www.youtube.com/live/KB29HrIPqwk?si=3t8Y8HJH8p5Uwk2I

"Who Drowned the Egyptian Army at the Red Sea?" deur Colin Nicolson https://youtu.be/29-Yj7ixeZs?si=-EebcSP7xTyX-aOA

**GEHEUE TEKS:**

**1 Korinthiërs 10:1-4**

WANT ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

**Lofliedere:**

1. #334, "Come, Thou Fount of Every Blessing"
2. #528, "A Shelter in the Time of Storm" / Die Heer's ons rots #211
3. #99, "God Will Take Care of You"
4. "There is a Happy Land

**VRAE** ////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////

1. Wat was God se teer doel om hulle oor die langste pad na Kanaän te lei? **Exodus 13:17-18. Nota 1.**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

2. Hoe help hierdie storie ons om ons Vader se liefdevolle sorg te verstaan wanneer ons onsself in moeilike situasies bevind? **Romeine 8:28; 5:3-5; 2 Korinthiërs 4:15-17; Jakobus 1:3-5; 1 Petrus 1:6-9.**

______________________________________________________________

3. Op watter manier het die Here vir sy mense gesorg? **Exodus 13:21** Op watter tye het Hy hulle vergesel? **Exodus 13:22.** Waar was Jehovah? **Exodus 14:24.** Wie was die Een wat saam met hulle gegaan het? **1 Korinthiërs 10:1-3** Hoe is dit moontlik? **2 Korinthiërs 5:19.**

4. Hoe het Farao en die Egiptenare op Israel se vertrek gereageer? **Exodus 14:3-9.**

5. Hoe ervaar die mense van Israel hierdie situasie? Waaraan het hulle getwyfel? **Exodus 14:10-11.** Wat het God egter vir hulle gedoen? **Exodus 14:19-20**

6. Watter wonderwerk het gedurende die nag gebeur? **Exodus 14:21-22.** Hoe het die Egiptenare gereageer? **Exodus 14:23.** Wat het met die agtervolgers gebeur? **Exodus 14:24-28.**

7. Hoe het hierdie noodlottige uitkoms plaasgevind? **Jesaja 43:3. Sien Spreuke 21:18.**

8. Aan wie is Egipte gegee as losprys vir Israel? Wie was in die waters? **Psalms 74:13-14; Jesaja 26:21-27:1; 51:9-10; Eségiël 29:3; 32:2.**

9. Wie is die draak? **Openbaring 12:9-10.** Waarin stel hy belang? **Eségiël 29:3; Lukas 22:31: 1 Petrus 5:8.**

10. Aan wie is die Seun van die Mens gegee? **Lukas 18:32; 24:7; 22:53.** Wie het Hom oorgegee? Tot wie se losprys? **Romeine 8:32; Johannes 3:16.**

11. Wie is ook in Egipte gegee? **Openbaring 11:8.** Vir watter doel? **Sien Les 5, vraag 12.**

12. Wat gebeur met diegene wat Christus gekruisig het, nadat Hy aan hulle gegee is? **Matthéüs 23:34-38.** Hoe het Christus se kruisiging in Egipte tot die noodlottige uitkoms op see gelei? Verduidelik.

13. Watter ervaring het die volk van Israel deurgemaak toe hulle die see oorgesteek het? Wat sal ons s'n wees? **1 Korinthiërs 10:1-4; Galásiërs 3:26-27.**

14. Hoe is ons ervaring in Christus soortgelyk aan dié van die Hebreërs? **Galásiërs 2:20; Hebreërs 11:29**. Hoe word dood oorwinning? **Openbaring 12:11; Hebreërs 2:14-15.**

15. Hoe verskil die Hebreeuse ervaring van die Egiptiese ervaring van die deurgang deur die Rooi See? **Hebreërs 4:2.** Wat sê dit vir ons oor hoe ons die woord ontvang? **Jesaja 43:1-3; Spreuke 1:29-33.**

## NOTAS

1. Paulus het sy swakheid besef, en hy kon wel sy eie krag wantrou. Verwysend na die wet, sê hy: "Die gebod wat tot die lewe bestem was, het ek bevind dat dit tot die dood is." Hy het vertrou op die dade van die wet. Hy sê, aangaande sy eie uiterlike lewe, dat hy "wat die wet aangaan" "onberispelik" was; en hy het sy vertroue in sy eie geregtigheid gestel. Maar toe die spieël van die wet voor hom gehou is, en hy homself gesien het soos God hom gesien het, vol

foute, bevlek met sonde, het hy uitgeroep: "O ellendige mens wat ek is, wie sal my van hierdie dood verlos?" – {vrylik vertaal uit LHU 40.2}
Paulus het die Lam van God aanskou wat die sonde van die wêreld wegneem. Hy het die stem van Christus gehoor wat sê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Hy het besluit om gebruik te maak van die voordele van reddende genade, om dood te wees vir oortredings en sondes, om sy skuld af te was in die bloed van Christus, om beklee te word met Christus se geregtigheid, om 'n loot van die Lewende Wynstok te word. Hy het met Christus gewandel, en Jesus het vir hom geword—nie 'n deel van verlossing nie, terwyl sy eie goeie dade 'n ander deel was, maar—sy alles in alles, die eerste en laaste en beste in alles. Hy het die geloof gehad wat lewe uit Christus put, wat hom in staat gestel het om sy lewe te vorm aan dié van die goddelike voorbeeld. Hierdie geloof eis niks vir sy besitter op as gevolg van sy eie geregtigheid nie, maar eis alles op as gevolg van die geregtigheid van Christus. – {vrylik vertaal uit LHU 40.3}

2. Die berouvolle gelowige, wat die stappe neem wat nodig is vir bekering, herdenk in sy doop die dood, begrafnis en opstanding van Christus. Hy gaan af in die water in die gelykenis van Christus se dood en begrafnis, en hy word uit die water opgewek in die gelykenis van Sy opstanding – nie om die ou lewe van sonde op te neem nie, maar om 'n nuwe lewe in Christus Jesus te lei. [7] – {vrylik vertaal uit TMK 71.2}

3. Baie mense dra vandag sluiers oor hulle gesigte. Hierdie sluiers is die simpatie wat hulle het met die gebruike en praktyke van die wêreld, wat die heerlikheid van die Here vir hulle verberg. God verlang dat ons ons oë op Hom gevestig hou, sodat ons die dinge van hierdie wêreld uit die oog kan verloor. – {vrylik vertaal uit Mar 47.2}

4. Die Jode het geweier om Christus as die Messias te aanvaar, en hulle kan nie sien dat hulle seremonies betekenisloos is nie, dat die offers en offerandes hul betekenis verloor het. Die sluier wat hulleself in hardnekkige ongeloof getrek het, is steeds voor hulle gedagtes. Dit sou verwyder word as hulle Christus, die geregtigheid van die wet, sou aanvaar. – {vrylik vertaal uit 1SM 239.1}

5. Toe Christus die menslike natuur op Hom geneem het, het Hy die mensheid met Homself verbind met 'n band van liefde wat nooit verbreek kan word deur enige mag behalwe uself nie. Satan sal dikwels probeer om ons te verlei om hierdie band te verbreek en ons te beweeg om onsself van Christus te skei. Dis juis hier waar ons op ons hoede moet wees; ons moet stry en bid dat niks ons sal beweeg om 'n ander meester te kies nie; want dit staan ons altyd vry om dit te doen. Laat ons ons oë op Christus gevestig hou, en Hy sal ons bewaar. Met ons oë gevestig op Jesus is ons veilig; niks sal vir ons uit Sy hande ruk nie. Deur Hom gedurig te aanskou, word ons "van gedaante verander na dieselfde beeld van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is". 2 Kor. 3:18. - Skrede na Christus 72.1 – {1MCP 114.3}

# 10 Die Geregtigheid van God

LES 10

**ADDISIONELE LEESMATERIAAL:**

"The Just Shall Live by Faith," uit die boek "*Removing the Veil*" deur Daniel Bernhardt. Bladsye 64 -78 (1ste uitgawe in die jaar 2022). URL: https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

"*Justice and Mercy*", gepubliseer in "Present Truth" (Februarie 23, 1893, PTUK 52.6-55.8), deur
E.J. Waggoner. (1ste Uitg. Nov. 2023)
URL: https://maranathamedia.com/book/view/justice-and-mercy

"Die Geregtigheid van God", in die boek "*Christus en Sy Geregtigheid*", deur E.J. Waggoner.

https://maranathamedia.co.za/af/book/view/christus-en-sy-geregtigheid

**Videos wat aanbeveel wod:**
The Righteousness of God - Colin Nicolson: https://www.youtube.com/watch?v=PliZUvNbef4

**Lofliedere:**
1. #412, "Cover With His life"
2. "Heaven Came Down"
3. #224, "Seek Ye First the Kingdom" / "Soek allereers die Koninkryk van God"

**GEHEUE TEKS:**

**Romeine 1:17**

Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

**VRAE** ////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////

**GOD SE GEREGTIGHEID**

1. Wat is die geregtigheid van God? **Psalm 119:172; Deuteronómium 6:25; Jesaja 51:7.**

_______________________________________________

_______________________________________________

2. Wat is die natuur van God se wet? **Romeine 7:14; Romeine 13:10.**

_______________________________________________

_______________________________________________

3. Wat is die natuur van God? **Johannes 4:24; 1 Johannes 4:8.**

4. Gebaseer op wat ons ontdek het oor God se geregtigheid, wet en natuur, wat beteken dit om geregtigheid van Hom te ontvang? **Nota 1.**

## DIE MANIFESTASIE VAN GEREGTIGHEID

5. Analiseer die volgende verse met inagneming van die verhouding tussen geregtigheid **(sien Nota 2)** en genade (as jy die beginsels van die Goddelike Patroon onthou, pas dit toe): **Psalm 89:14; 40:10; 116:5; Hosea 10:12. Nota 3.**

6. Hoe word geregtigheid in die volgende gevalle gemanifesteer? **Psalms 37:21; Matthéüs 1:19.**

7. Hoe openbaar God sy geregtigheid volgens die vers hieronder? **1 Johannes 1:9. Nota 4.**

8. Beskou die volgende verse wat geregtigheid, genade en die volmaaktheid van God se karakter verbind: **1 Johannes 3:7; Matthéüs 5:48; Lukas 6:35, 36; 1 Petrus 1:16. Nota 5.**

## DEFINIERING VAN 'REGVERDIG'

9. Soek die definisie van regverdig in die woordeboek op. Watter definisie vind jy wat verband hou met geregtigheid?

10. Beantwoord dan die volgende: wat maak God regverdig: sonde of die goddelose? **Romeine 4:5.**

11. Kan enige mens in homself regverdig wees? **Romeine 3:10-12.**

12. Wat kom natuurlik uit die mens? **Markus 7:21-23.**

13. Wat is die gevolg daarvan om te glo dat ons in onsself regverdig is? **Lukas 18:9.**

14. Hoe kan 'n mens vriendelikheid betoon as hy geen geregtigheid in homself het nie? **Lukas 6:43-45; Psalm 40:8-9; Jeremia 31:33.**

15. Soos gesien in hierdie les, hoe hou die belofte van die Nuwe Verbond verband met God se geregtigheid en Sy karakter? **Jeremia 31:31-34.**

**NOTAS** ////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////

1. Geregtigheid is heiligheid, 'n beeltenis van God, en "God is liefde" (1 Johannes 4:16). Dit is gelykvormigheid aan die wet van God, "want al u gebooie is geregtigheid" (Psalm 119:172), en "die liefde [is] die vervulling van die wet" (Romeine 13:10). Die geregtigheid van God is in Christus beliggaam. Ons ontvang die geregtigheid deur Hom te ontvang. – {MB 18.1} [MOR 23.4]

2. Geregtigheid en regverdigheid (of reg) in Hebreeus is dieselfde woord; sien die voorkomste van H6664 in Psalm 89:15 (KJV: Ps.89:14) (sien ook H6663 en H6666). Beskou ook Romeine 1:17, en die woorde "geregtigheid" en "regverdige"; hulle het dieselfde stam (G1343 en G1342 onderskeidelik), die enigste verskil is dat eersgenoemde 'n selfstandige naamwoord is en laasgenoemde 'n byvoeglike naamwoord.

3. Die veroordelende mag van Satan sou hom daartoe lei om 'n teorie van reg/geregtigheid in te stel wat teenstrydig is met genade. Hy

beweer dat hy met die stem en krag van God optree, hy het beweer dat sy besluite reg is, dat dit suiwer en foutloos is. Dus neem hy sy posisie op die regterstoel in en verklaar dat sy raad onfeilbaar is. Hier kom sy genadelose geregtigheid te pas, 'n namaaksel van geregtigheid, afskuwelik vir God. – {vrylik vertaal uit CTr 11.4}

4. Deur Jesus is die genade van God aan die mensdom geopenbaar; maar genade stel nie geregtigheid tersyde nie. Die wet openbaar die eienskappe van God se karakter en nie ‘n jota of titteltjie daarvan kan verander word om die mens in sy gevalle toestand tegemoet te kom nie. God het nie Sy wet verander nie, maar het Homself, in Christus, vir die verlossing van die mens geoffer. “...God [het] in Christus die wêreld met Homself versoen...” (2 Korinthiërs 5:19). – {DA 762.1} [DKvDE 842.1]
Die wet vereis geregtigheid – ’n lewe van geregtigheid, ‘n volmaakte karakter; en die mens het dit nie in homself nie. Hy kan nie aan die vereistes van die heilige wet van God voldoen nie. Maar Christus wat as mens na die aarde gekom het, het ‘n heilige lewe gelei en ‘n volmaakte karakter ontwikkel. Dit bied Hy as ‘n gratis geskenk aan almal wat dit wil ontvang. Sy lewe staan in vir die lewe van die mens. So ontvang hulle vergifnis vir sondes wat verby is, deur die verdraagsaamheid van God. Meer nog, Christus deurdring die mens met die eienskappe van God. Hy bou die menslike karakter op na die gelykenis van die Goddelike karakter, ‘n deugsame samestelling van geestelike krag en skoonheid. So word die geregtigheid van die wet in die gelowige in Christus vervul. God kan “...self regverdig ... wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.” (Romeine 3:26). – {DA 762.2} [DKvDE 842.2]

5. Die liefde van God word net soveel in Sy geregtigheid as in Sy genade uitgedruk. Geregtigheid is die grondslag van Sy troon en die vrug van Sy liefde. Dit was die doel van Satan om genade van waarheid en geregtigheid te skei. Hy het probeer bewys dat die geregtigheid van die wet van God ‘n vyand van vrede is. Maar Christus het getoon dat hulle in God se plan onlosmaaklik saamgevoeg is; die een kan nie sonder die ander bestaan nie. “Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtigheid en vrede kus mekaar.” (Psalm 85:11). – {DA 762.3} [DKvDE 843.1]

# 11 Geregverdig deur Geloof

LES 11

## ADDISIONELE LEESMATERIAAL:

"The Just Shall Live by Faith," uit die boek "*Removing the Veil*" deur Daniel Bernhardt. Bladsye 64 -78 (1ste uitgawe in die jaar 2022). URL: https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

**Videos wat aanbeveel wod:**

Justification by Faith - Colin Nicolson:

https://www.youtube.com/watch?v=XCPtkJSIU0w

**Lofliedere:**

1. #412, "Covered with His life" / "Let op my Heiland, vlekloos is Hy" - #198

**GEHEUE TEKS:**

**Romeine 3:24-26**

En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.

## VRAE

1. Van watter aard is die mens se geregtigheid? **Romeine 3:22-24,28; Filippense 3:9.**

2. Harmoniseer Paulus se stelling in **Romeine 3:28** met Jakobus se reaksie in **Jakobus 2:24**. **Kyk na die konteks in Jakobus 2:14-26. Om te harmoniseer, gebruik ander verse. Nota 1.**

3. Hoe word die geregtigheid van die mens, dit wil sê deur die wet, gemanifesteer? **Matthéüs 23:27,28.** Vergelyk dit met die geregtigheid van God. **Psalm 51:8 (KJV: Ps.51:6); Deuteronómium 6:6; Hebreërs 8:10-12; Jesaja 61:10; Psalm 149:4.**

4. As ons die geregtigheid van God deur geloof in Jesus Christus ontvang, hoe sal ons werke wees? **Efésiërs 2:10; Filippense 2:13; Jesaja 26:12; Titus 3:8. Nota 2.**

5. As ons deur werke geregverdig kon word, wat sou dit behels? **Romeine 4:2-4.**

6. Hoe skryf God geregtigheid sonder werke toe? **Romeine 4:5-8; 1 Johannes 1:9. Nota 3.**

7. Wat beteken dit om rein van alle kwaad te lewe? **1 Korinthiërs 6:11; Eségiël 36:25-27. Nota 3.**

8. Hoe word God se geregtigheid geopenbaar, en hoe sal geregtigheid in ons geopenbaar word wanneer ons geregverdig is? **1 Johannes 1:9; Matthéüs 1:19; Matthéüs 5:48; Lukas 6:36; Eségiël 18:5-9. Nota 4.**

9. Is geregtigheid deur geloof 'n belangrike boodskap vir ons tyd? **Romeine 1:17. Nota 5.**

10. Analiseer **Maleági 4:1-6** in die lig van vrae 8 en 9. Wat is die verband tussen “dink aan die wet van Moses” en “geregtigheid wat gemanifesteer word in gehoorsaamheid aan al die gebooie”?

## NOTES

1. Die begeerte na ‘n maklike godsdiens wat geen strewe, geen selfverloëning en geen skeiding van die dwaashede van die wêreld verg nie, het die leerstelling van geloof en geloof alleen, ‘n gewilde leerstelling gemaak; maar wat sê die Woord van God? Die apostel Jakobus sê: “Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het die werke nie? Die geloof kan hom tog nie red nie? ... Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? ... Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?” (Jak 2:14-24). – {GC 472.1} [GS 497.3]
   Die Woord van God getuig teen hierdie verstrikkende geloofsleer sonder werke. Om die guns van die Hemel op te eis sonder om aan die voorwaardes waaronder barmhartigheid verleen moet word te voldoen, is die geloof nie; dit is aanmatiging, want ware geloof het sy grondslag in die beloftes en bepalings van die Skrif. – {GC 472.2} [GS 498.1]
2. Genade is onverdiende guns, en die gelowige word geregverdig sonder enige eie verdienste, sonder enige aanspraak om iets aan God te bied. Hy word geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is, wat in die voorhowe van die hemel staan as die sondaar se plaasvervanger en borg. Maar terwyl hy geregverdig is vanweë die verdienste van Christus, is hy nie vry om ongeregtigheid te doen nie. Geloof werk deur liefde en reinig die siel. Geloof bot en blom en dra 'n oes van kosbare vrugte. Waar geloof is, verskyn goeie werke. Die siekes word besoek, die armes word versorg, die weesloses en die weduwees word nie verwaarloos nie, die naaktes word geklee, die behoeftiges word gevoed. Christus het rondgegaan en goed gedoen, en wanneer mense met Hom verenig is, het hulle die kinders van God lief, en hulle wandel in die voetstappe van sagmoedigheid en waarheid. Hul gesigsuitdrukking openbaar hulle ervaring, en mense neem kennis van hulle, dat hulle by Jesus was en van Hom geleer het. Christus en die gelowige word een, en Sy skoonheid van karakter word geopenbaar in diegene wat lewensbelangrik verbind is met die Bron van krag en liefde. Christus is die groot bewaarder van regverdigmakende geregtigheid en heiligmakende genade. – {vrylik vertaal uit 1SM 398.1}
3. Die apostel Paulus het gesê: “Weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? ... En so was sommige van julle; maar julle het julle laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is

geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God" (1 Korintiërs 6:9-11). Die afwesigheid van toewyding, vroomheid en heiligmaking van die uiterlike mens kom deur die ontkenning van Jesus Christus, ons geregtigheid. Die liefde van God moet voortdurend gekweek word. {vrylik vertaal uit FW15.1}

Wanneer die boetvaardige sondaar, berouvol voor God staan en hy Christus se versoening namens hom onderskei en hierdie versoening as sy enigste hoop in hierdie lewe en die toekomstige lewe aanvaar, word sy sondes vergewe. Dit is regverdigmaking deur geloof. Elke gelowige siel se wil moet geheel en al aan God se wil voldoen en in 'n toestand van berou en gewetenswroeging bly, geloof beoefen in die versoenende verdienste van die Verlosser en van krag tot krag, van heerlikheid tot heerlikheid vorder. – {vrylik vertaal uit FW 103.1}

Vergifnis en regverdigmaking is een en dieselfde ding. Deur geloof gaan die gelowige oor van die posisie van 'n rebel, 'n kind van sonde en Satan, na die posisie van 'n lojale onderdaan van Christus Jesus, nie vanweë inherente goedheid nie, maar omdat Christus hom as Sy kind deur aanneming ontvang. Die sondaar ontvang die vergifnis van sy sondes, omdat hierdie sondes deur sy Plaasvervanger en Borg gedra word. Die Here spreek met Sy hemelse Vader en sê: "Dit is My kind, Ek verlos hom van die veroordeling tot die dood en gee hom My lewensversekeringspolis – die ewige lewe – omdat Ek sy plek ingeneem het en vir sy sondes gely het. Hy is selfs My geliefde seun." So staan die mens, vergewe en beklee met die pragtige klere van Christus se geregtigheid, foutloos voor God. – {vrylik vertaal uit FW 103.2}

Die sondaar mag dalk dwaal, maar hy word nie sonder genade verwerp nie. Sy enigste hoop is egter bekering, terug na God en geloof in die Here Jesus Christus. Dit is die Vader se voorreg om ons oortredings en sondes te vergewe, want Christus het ons skuld op Homself geneem en ons vrygespreek, en ons sy eie geregtigheid toegereken. Sy offer voldoen ten volle aan die eise van geregtigheid. – {vrylik vertaal uit FW 103.3}

Regverdigmaking is die teenoorgestelde van veroordeling. God se grenslose genade word uitgeoefen teenoor diegene wat dit glad nie verdien nie. Hy vergeef oortredings en sondes ter wille van Jesus, wat die versoening vir ons sondes geword het. Deur geloof in Christus word die skuldige oortreder in guns by God gebring en die sterk hoop op die ewige lewe gegee. – {vrylik vertaal uit FW 104.1}

4. Die Here het in Sy groot genade 'n kosbare boodskap aan Sy mense gestuur deur Ouderlinge Waggoner en Jones. [Sien Aanhangsel.] Hierdie boodskap moes die verhewe Verlosser, die offer vir die sondes van die hele wêreld, meer prominent voor die wêreld bring. **Dit het regverdigmaking deur geloof in die Borg aangebied; dit het die mense genooi om die geregtigheid van Christus te ontvang, wat gemanifesteer word in gehoorsaamheid aan al die gebooie van God.** Baie het Jesus uit die oog verloor. Hulle oë moes gerig word op Sy goddelike persoon, Sy verdienste en Sy onveranderlike liefde vir die mensdom. Alle mag is in Sy hande gegee, sodat Hy ryk gawes aan mense kan uitdeel en die onskatbare gawe van Sy eie geregtigheid aan die hulpelose menslike agent kan gee. Dit is die boodskap wat God beveel het om aan die wêreld gegee te word. Dit is die derde engel se boodskap, wat met 'n luide stem verkondig moet word, en in 'n groot mate gepaard gegaan moet word

met die uitstorting van Sy Gees. – {vrylik vertaal uit TM 91.2}

5. Verskeie het aan my geskryf en gevra of die boodskap van regverdigmaking deur geloof die derde engel se boodskap is, en ek het geantwoord: “Dit is in werklikheid die derde engel se boodskap.” – {vrylik vertaal uit RH April 1, 1890 Par. 8}

# 12 Definiëring van Geloof

**LES 12**

**ADDISIONELE LEESMATERIAAL:**

"The Just Shall Live by Faith," uit die boek "*Removing the Veil*" deur Daniel Bernhardt. Bladsy 73; en "The Faith of Jesus" uit dieselfde boek, Bladsye 79-89 (1ste uitgawe in die jaar 2022). URL: https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

**GEHEUE TEKS:**

**Romeine 10:17**

Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

**Videos wat aanbeveel wod:**
Eddie Perez - "By Faith";
https://www.youtube.com/live/y8P13KnX3f8?si=10cBIOB_m3TzK6EF

**Lofliedere:**

1. #304, "Faith of Our Fathers" / "Groot wat ons Vaders se geloof" #331
2. "He Will Hold Me Fast"
3. #506, "A Mighty Fortress" / " 'n Vaste Brug is onse God" #61
4. "Holy Bible, Book Divine"

**VRAE DEFINIËRING** ////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////////

**GELOOF**

1. Wat is geloof? **Hebreërs 11:1; Romeine 10:17. Nota 1.**

______________________________________________

______________________________________________

2. Is dit geloof om bloot te glo dat God bestaan? **Jakobus 2:19, Hebreërs 11:6.**

______________________________________________

______________________________________________

3. Wie is die outeur van geloof? **Hebreërs 12:2.** Wat beteken dit om die outeur van geloof te wees? Jy kan die definisie van "outeur" in die woordeboek naslaan.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4. Hoe reageer Jesus op sy Vader se woord? **2 Korinthiërs 1:19,20; Openbaring 3:14.**

5. Sedert wanneer het Jesus die woord van sy Vader ontvang om ja en amen te sê? **Hebreërs 1:2,5; Psalms 2:7,8.**

6. Waarvoor sê Jesus nog ja en amen? **Matthéüs 3:17.**

**WAT BEHAAG HOM?**

7. Wat is onmoontlik sonder geloof? Waarom? **Hebreërs 11:6.**

8. Wat behaag God? **Matthéüs 3:17; Spreuke 8:30; Galásiërs 3:26; Psalms 147:8-11; Nota 2.**

9. Wat is dit wat God nie behaag nie? Waarom? **Hebreërs 10:38; 3:17-18; 1 Korinthiërs 10:5 (sien nota 3).**

10. Wat ontvang ons deur geloof? **Handelinge 26:18. Nota 4.**

11. Watter getuienis het Henog ontvang en het hy deur geloof geglo? Wat was die gevolg? **Hebreërs 11:5.** Vergelyk dit met die getuienis wat Jesus ontvang het in **Matthéüs 3:17.**

12. Hoe voel God wanneer sy kinders nie geloof het nie? **Hosea 11:1-8; Matthéüs 23:37. Nota 5.**

**NOTES**

1. GELOOF is vertroue op God - om te glo dat Hy ons liefhet en die beste weet wat tot ons voordeel strek. En so dan, lei dit ons om Syne te kies, in plaas van ons eie weg. In plaas van ons onkunde, neem dit Sy wysheid aan; in plaas van ons swakheid, Sy krag; in plaas van ons sondigheid, Sy geregtigheid. Ons lewens, ons self, is reeds Syne; geloof erken Sy eiendomsreg en neem die seën daarvan aan. Waarheid, regskapenheid, reinheid, is al as geheime tot lewensukses aangewys. Dit is geloof wat ons hierdie beginsels in besit gee. – {Ed 253.1} [Op 253.1]

2. En die woorde wat by die Jordaan aan Jesus gerig is: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het..." omhels die ganse mensdom. God het met Jesus as ons Verteenwoordiger gepraat. Ondanks ons sondes en swakhede word ons nie as waardeloos verstoot nie, maar word "...ons begenadig ... in die Geliefde." (Efesiërs 1:6) – {DA 113.1} [DKvDE 92.3]

   Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn.. -1 Korintiërs 10:5.

   a. Die woord "want" is vertaal van die Griekse woord "gar." Dit is 'n woord wat rede toeken. Daarom is "want" of "omdat" 'n goeie vertaling.

   b. Strong se Grieks #1063 - γάρ gár (omdat).

   c. Definisie: omdat, daarom, dat, want, in werklikheid.

   d. Definisie 2: behoorlike toeken van 'n rede (gebruik in bespreking, argumentasie, verduideliking of intensivisering.
   e. Aantal woorde: omdat (904), want (46), dat (29), daarom (12), En (10), maar (7), Beslis (3), Dus (2), waar (2), Egter (2), met (1), watter (1), hoeveel (1), meer (1), maar (1).

3. Deur geloof ontvang ons die genade van God; maar geloof is nie ons verlosser nie. Dit verdien niks. Die genesing vir sonde is deur die hand waarmee ons aan Christus en Sy verdienste vashou. —{DA 175 (1898), 2MCP 531.2} [DKvDE 164.1]

4. God se kinders moet nie onderworpe wees aan gevoelens en emosies nie. Wanneer hulle tussen hoop en vrees wissel, word die hart van Christus seergemaak; want Hy het hulle onmiskenbare bewyse van Sy liefde gegee. Hy wil hê dat hulle versterk en gevestig moet word in die allerheiligste geloof. Hy wil hê dat hulle die werk moet doen wat Hy hulle gegee het; dan sal hulle harte in Sy hande word soos heilige harpe, waarvan elke akkoord lof en danksegging sal uitstuur aan die Een wat deur God gestuur is om die sondes van die wêreld weg te neem. – {vrylik vertaal uit TM 518.4}

# 13 Die Geloof van Jesus

LES 13

## ADDISIONELE LEESMATERIAAL:

"The Faith of Jesus", uit die boek "*Removing the Veil*" deur Daniel Bernhardt. Bladsye 79-89 (1ste uitgawe in die jaar 2022).
URL: https://maranathamedia.com/book/view/removing-the-veil

**Videos wat aanbeveel wod:**
Christ - The Prince of Faith - Adrian Ebens:
https://www.youtube.com/watch?v=n0np-I_0ALo

**Lofliedere:**

1. #304, "Faith of our fathers" / "Groot was ons vaders se geloof" #331
2. #528, "A shelter in the time of storm" / "Die Heer's ons Rots" #210
3. "Who is Jesus", https://www.youtube.com/watch?v=Q4inLzVlpNs
4. #524, "'Tis so sweet to trust in Jesus" / "Salig Hy wat steun op Jesus" #201

**GEHEUE TEKS:**

**Galásiërs 2:16**

terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.

## VRAE

### GEREGTIGHEID VAN GOD DEUR DIE GELOOF VAN JESUS

1. Hersien die definisie van geregtigheid en die manifestasie daarvan wat ons in Les 10, vrae 1-8 verkry het. Beantwoord dan die volgende vrae met inagneming van daardie definisie.
2. Waar kom geregtigheid vandaan en hoe word dit verkry? **Romeine 3:22,26; Filippense 3:9; Openbaring 14:12. Nota 1.**

3. Van watter aard is Jesus, volgens die volgende verse? **1 Johannes 2:1; Handelinge 3:14; Handelinge 22:14; Kolossense 4:11.**

4. Ons het gesien dat Johannes Jesus Christus “die regverdige” genoem het (1 Johannes 2:1). Sedert wanneer was Jesus regverdig, volgens Johannes? **1 Johannes 1:1.**

5. Hoe verkry Jesus geregtigheid? **Habakkuk 2:4; Romeine 1:17**.

**OM DIE GELOOF VAN JESUS TE ONTVANG**

Hoe ontvang ons die geloof van Jesus? Let op die verskil tussen “geloof **van** Jesus” (in the KJV) en “geloof **in** Jesus” (in die meeste Afrikaanse Bybelvertalings). Wat beteken dit? **Galásiërs 2:16; 3:26; 5:22.**

6. Wat het Jesus in die Bybel geopenbaar wat ons moet glo? **1 Johannes 4:8; 1 Petrus 4:8; 2 Korinthiërs 5:19, Romeine 5:8-10; Johannes 3:16; Johannes 18:37; Johannes 20:30,31.**

7. Wat moet ek prysgee om die geloof van Jesus te ontvang? **Matthéüs 16:24; Job 40:8; Filippense 3:8,9.**

**VOLEINDIGER VAN DIE GELOOF**

8. Wat en wie se wil/begeerte het Jesus gedoen? **Johannes 5:19, 30; Johannes 6:38; Johannes 8:28,29; Matthéüs 4:4; Johannes 4:34; Hebreërs 10:5-7. Notas 2 and 3.**

9. Watter woord het Jesus gespreek? **Johannes 12:49,50; Matthéüs 5:17,18; Johannes 14:10.**

10. Wat en wie se wil/begeerte het Jesus nie gedoen nie? **Romeine 15:3; Matthéüs 26:39,42.**

11. Hoe kan Jesus die voleinder van ons geloof wees? **Galásiërs 2:20; Romeine 6:4-6; Openbaring 3:20. Nota 4.**

## NOTAS

1. Die leer wat Jakob gesien het was Christus, met die onderpunt wat op die aarde rus en die bopunt wat tot aan die poorte van die hemel reik, tot aan die drumpel van heerlikheid. Indien daardie leer net een sport ontbreek het om die aarde te bereik, was ons verlore. Maar Christus bereik ons waar ons is. Hy het ons natuur oorgeneem en oorwin, sodat ons, deur Sy natuur aan te neem, kan oorwin. In "...die gelykheid van die sondige vlees..." (Romeine 8:3) het Hy 'n sondelose lewe gelei. Nou, deur Sy Goddelikheid, hou Hy die troon van die hemel vas, terwyl Hy, deur Sy mensheid, na ons reik. **Hy gebied ons om deur geloof in Hom, die heerlikheid van die karakter van God te bekom. Daarom moet ons volmaak wees, net soos ons "...Vader in die hemele volmaak is."** – {DA 311.5} [DKvDE 324.1]

   **Jesus het getoon wat geregtigheid is en het God as die Bron daarvan aangewys.** Nou het Hy Hom tot praktiese pligte gewend. In die gee van aalmoese, in gebed en vas, het Hy gesê, laat niks gedoen word wat die aandag op onsself vestig en lof vir onsself aantrek nie. Gee in opregtheid tot voordeel van die lydende behoeftiges. Laat die siel in die gebed met God verkeer. Wanneer jy vas, laat dit nie met geboë hoof wees terwyl jou hart met gedagtes van jouself gevul is nie. Die hart van die Fariseër is onvrugbare en armoedige grond waarin geen saad van die Goddelike lewe kan floreer nie. Dit is hy wat hom mees onvoorwaardelik aan God onderwerp, wat die aanneemlikste diens aan Hom sal lewer. **Want deur gemeenskap met God word mense medewerkers saam met Hom deur Sy karakter in menslike natuur te plaas.** – {DA 312.1} [DKvDE 324.2]

2. Daardie sogenaamde geloof in Christus wat mens vrystel van gehoorsaamheid aan God, is nie geloof nie, maar vermetelheid. "Uit genade is julle gered deur die geloof." Efe. 2:8. Maar, "die geloof, as dit geen werke het nie, is in sigself dood." Jak. 2:17. **Voordat Jesus na die aarde toe gekom het, het Hy van Homself gesê: "Ek het lus, o, my God, om u welbehae te doen, U wet is binne-in my ingewande."** Ps. 40:9. En kort voor Hy na die hemel opgevaar het, het Hy gesê: "Ek het die gebooie van my Vader bewaar en bly in sy liefde." Joh. 15:10. Die Skrif sê: "Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons sy gebooie bewaar.... Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het." 1 Joh. 2:3-6. "Want Christus het ook vir julle gely en 'n voorbeeld vir julle nagelaat, sodat julle sy voetstappe kan navolg." 1 Pet. 2:21. – {SC 61.2} [59.1]

3. Jesus het die aanklag van godslastering verwerp. "My gesag vir die werk

waaroor julle My beskuldig," het Hy gesê, "is dat Ek die Seun van God is, een met Hom in aard, in wil en doel. Ek werk saam met God in al Sy werk van skepping en voorsiening." "Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie." Die priesters en rabbi's het die Seun van God juis oor dié werk wat Hy gestuur is om in die wêreld te kom doen bestraf. Deur hul sondes het hulle hulself van God vervreem en in hul trots het hulle onafhanklik van Hom beweeg. Hulle het hulleself as voldoende vir enigiets geag en geen behoefte aan 'n Hoër wysheid om hul dade te rig, ervaar nie. Maar die Seun van God was oorgegee aan die wil van die Vader en was van Sy mag afhanklik. Christus was so volkome van self geledig, dat Hy geen planne vir Homself beraam het nie. Hy het God se planne vir Hom aanvaar en die Vader het dag vir dag Sy planne ontvou. So moet ons dus ook van God afhanklik wees, sodat ons lewens die eenvoudige uitwerking van Sy wil kan wees. – {DA 208.2} [DKvDE 201.1]

4. Baie mense reken dat hulle 'n deel van die werk self moet doen. Hulle het op Christus vertrou vir die vergifnis van sonde, maar nou probeer hulle om deur hul eie pogings reg te lewe. Maar al dié pogings sal misluk, want Jesus sê: "sonder My kan julle niks doen nie". Hoe ons toeneem in genade, vreugde en bruikbaarheid, hang alles af van ons eenheid met Christus. Dit is as gevolg van gemeenskap met Hom, daagliks, uur na uur – deur in Hom te bly – dat ons in genade sal toeneem. Hy is nie net die Leidsman nie, maar ook die Voleinder van ons geloof. Christus is die eerste, die laaste en tot in ewigheid. Hy moet by ons wees, nie net aan die begin en aan die einde nie, maar elke tree van die pad. Dawid sê: "Ek stel die Here altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie". Ps. 16:8. – {SC 69.1} [SC 68.1] U mag vra: "Hoe moet ek in Christus bly?" Op dieselfde manier as wat u Hom in die begin aangeneem het. "Soos julle dan Christus aangeneem het, wandel in Hom". Kol. 2:6. "Die regverdige sal uit die geloof lewe." Heb. 10:38. U het uself heeltemal aan God oorgegee, om Hom te dien en te gehoorsaam en u het Christus aangeneem as u Verlosser. U kon nie self vir u sondes versoening doen of u hart verander nie; maar nadat u uself aan God oorgegee het, het u geglo dat Hy dit om Christus ontwil alles vir u gedoen het. Deur geloof het u Christus se eiendom geword, en deur geloof moet u ook in Hom groei – deur te gee en te neem. U moet alles gee – u hart, u wil, u diens; gee uself aan Hom om Sy bevele te gehoorsaam; en u moet alles neem – Christus die volheid van seën om in u hart te woon om u krag, u geregtigheid, u helper te wees, en om u krag te gee om gehoorsaam te wees. – {SC 69.2} [SC 68.2]

Vir meer inligting nooi ons u om ons webtuiste te besoek:

**www.tiempodereunion.com**

Youtube Kanaal: **Tiempo de Reunion**

## REGSTREEKSE UITSENDINGS

Elke Vrydag (begin van Sabbatsure)

| 6:00 nm | 7:00 nm | 8:00 nm | 9:00 nm |
| --- | --- | --- | --- |
| Mexico | Columbië | Venezuela | Argentinië |
| Honduras | Peru | Bolivië | Uruguay |
| Guatamala | EEUU Est. | Puerto Rico | Chile |
| Costa Rica | | | |